



## Agri en Verwante Sektore Voorsorgfonds


Die Agri en Verwante Sektore Voorsorgfonds (die Fonds / ASPF) is 'n betroubare en geloofwaardige vennoot wat unieke buigsame voordele bied aan deelnemende werkgewers en hulle werknemers (Fondslede) binne die landbou en verwante sektore.



*"The fruits of your labour will bear the fruits of your success."*  
Jon Jones

### Werknemervoordele oplossings vir alle werknemers

Werkgewers het 'n morele verantwoordelikheid teenoor hulle werknemers. Ten einde werkgewers by te staan met die behoud en ontwikkeling van hulle werksmag, voorsien die Fonds buigsame risiko en aftreevoorsiening vir hulle werknemers.



Sedert 1991 het die Fonds die lewens van sy lede verbeter en het 'n groeiende ledetal van meer as 20 000 lede.

Die produk is uiters aanpasbaar en voorsien 'n verskeidenheid van behoeftes teen uiters mededingende tariewe. Volhoubare dienste wat op die behoeftes van werknemers gerig is, word voorsien.



### Voordele vir die Werkgewer en Werknemers

- Een maandelikse bydrae dek die lede se aftreebesparing en risikovooredele.
- Werkgewers het gemoedsrus wetende dat hulle toegang het tot hierdie uitstekende werknemervoordele.
- Werknemers se opgeloopte voordele kan van een werkgewer na 'n ander werkgewer oorgedra word.

### Lidmaatskap

Elke werknemer kan, in konsultasie met die werkgewer, besluit by watter bydraeplan hy of sy wil aansluit. Werkgewers word as deelnemende werkgewers onder die Fonds geregistreer. Werknemers onder die ouderdom van 65 jaar en in die permanente diens van die werkgewer moet by die Fonds aansluit. Lede mag een keer per jaar op die Fonds se hersieningsdatum 'n ander plan kies. Indien 'n lid op 'n ander datum 'n ander plan wil kies, word die goedkeuring van die Raad van Trusteës verlang.

### Bestuur

Die Fonds word deur 'n Raad van Trusteës (die Raad) beheer en bestuur en bestaan uit lede van Agri SA, TLU SA en LWO tesame met professionele, onafhanklike trusteës.

Die Raad word bygestaan deur 'n Hoofbeampte wat toesien dat die Raad se besluite uitgevoer en geïmplementeer word.

Die Fonds word jaarliks aan 'n onafhanklike oudit onderwerp.



*"The day you plant the seed is not the day you eat the fruit. Be patient and stay the course."* - Fabienne Fredrickson



Meer inligting aangaande die Fonds se buigsame bydraeplanne is op die Fonds se webtuiste beskikbaar: [aspf.co.za](http://aspf.co.za).

**Vir meer inligting en om aansluiting by die Fonds te bespreek, kontak Philip van Staden.**



082 560 1511



[philip@efcorporate.co.za](mailto:philip@efcorporate.co.za)

### Operasionele Spesialiste

Die volgende operasionele spesialiste help die Raad om te verseker dat die Fonds ooreenkomstig die Fondsreëls, die Wet op Pensioenfondse en ander relevante wetgewing bedryf word.



Ons bemagtig jou sodat jy jou arbeidsmag kan bemagtig.



**Hoofbeampte**  
**Lourie Bosman**



**Administrateur**  
**Verso Benefits Administrator (Edms) Bpk**  
Sien om na elke aspek van die Fonds se administrasie.



**Ouditeur**  
**PKF Kaapstad**  
Oudit die Fonds se finansiële jaarstate en verseker dat die wette en Regulasies nagekom word.



**Voordeelkonsultante**  
**Simeka Konsultante & Aktuarisse**  
Adviseer die Raad oor werknemervoordele en regulatoriese operasionele kwessies.



**Beleggingskonsultante**  
**Simeka Konsultante & Aktuarisse**  
Adviseer die Raad oor die Fonds se beleggingsportefeulje.



**Aktuariële dienste**  
**Simeka Konsultante & Aktuarisse**  
Verantwoordelik vir die sertifisering van die ooreenstemming van die Fonds bates en laste en dat die Fonds in 'n gesonde finansiële posisie is.



**Risikovoordelkonsultante**  
**Efficient Corporate Solutions (Edms) Bpk**  
Adviseer die Raad oor toepaslike risikovoordel en tariewe.



**Onderskrywers van die Groepskema**  
**Siyavika Risk Solutions & Sanlam Groepskema**  
Spesialis risikobestuurders wat die lid en hul gesin van risikovoordeldekking in geval van dood, toevallige dood en algehele ongeskiktheid voorsien.

